

**Sondag 26 April**

**Skrifgedeelte: Markus 4:13-20**

**Fokusgedeelte: Markus 4:20**

### **Stryd teen die doodsvyande en dra vrug van dankbaarheid**

**C**hristus kondig as Koning van die hemelse koninkryk sy nuwe koninkryk aan. Hy gebruik gelykenisse wat aanvanklik gesien kan word as 'n prentjie, om dan in 'n spieël te verander waarin jy jouself moet raaksien. Indien jy dan deur die geloof kyk, word dit 'n venster waardeur ons God en sy Waarheid, Jesus Christus, sien.

Die eerste drie harte, soos in die vorige dagstukkies, was harte met geen of weinig vrug en harte wat bedreig word deur 'n vyand, spesifiek 'n doodsvyand. In die Heidelbergse Kategismus Sondag 52 (v/a 127) bely ons dat ons drie doodsvyande het, naamlik die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur wat nie ophou om ons aan te val nie.

In die gelykenis van die saaiër kan ons die drie doodsvyande toepas op die eerste drie harte. Met die *harde hart* is dit die duiwel wat keer dat die saad wat gesaai word, ontkiem en pik dit so gou moontlik op. Met die *vlak hart* sien ons die sondige natuur wat die liefde vir die sonde bo die liefde vir God kies. Met die *oorgroeide hart* laat die dinge van die wêreld die geestelike groei só verstik dat geen groei in die geloof moontlik is nie.

Die pad wat die kind van die Here loop, is nooit maklik nie. Dit is 'n pad van daaglikse bekering, die afsterwe van die ou mens, die stryd teen die doodsvyande, want ons word geroep om vrug te dra. En hier is die genade weer so duidelik: ons het nie almal dieselfde talente, gawes of vermoëns (waaronder geldelik) nie. Die hoeveelheid vrug verskil, die een 30, die ander 60 en nog 'n ander honderdvoudig, maar almal kosbaar in die oë van die Here, want die vrug is nie betaling nie, maar dankbaarheid vir God se genade.

*Sing: Psalm 92-1:7*

*Ds. PA Coetzee (Peet) (Emeritus)*